PROF. DR. H. DE VOS, *Wijsbegeerte van de Godsdienst*, Servire, Den Haag, 1950.

Hierdie goed-uitgegewe en heldergeskrewe werkie van 86 bladsye, wat alreeds vroeg in 1946 geskryf is, het verskyn in die Servire's Encyclopaedie-reeks wat 'n oorsig van *alle* wetenskappe, en 'n oriëntering vir beide die ontwikkelde leek én die vakman wil gee. Dit val onder die protestantse afdeling van „Bijbelwetenschappen en Theologie", wat weer onder die groter afdeling „Cultuurwetenschappen" sorteer.

Die indeling van hoofstukke is dieselfde as in DE VOS se „Inleiding tot de Wijsbegeerte van den Godsdienst" van 1937, nl.: I. Wezen, taak en betekenis van de Wijsbegeerte van den Godsdienst, II. Het wezen v. d. Godsdienst, III. De Waarheid v. d. Godsdienst, en IV. De Godsdienstige Wereldbeschouwing.

I. Godsdienswysbegeerte is 'n sekere verbinding van, nl. 'n verwerking van die *empiriese Godsdiens* deur die wysbegeerte, welke lg. 'n min of meer sluitende *wêreldbeskouing* is. Vir sover as die wysbegeerte (as wêreldbeskouing) die gegewens van die (d.w.s. van 'n bepaalde) godsdiens bewerk, word dit godsdienstig op legitieme wyse. In hierdie verwerking kan die verhouding van godsdiens en wysbegeerte gedeeltelik samevallend, totaal-identiek of dualisties wees. Die *taak* van die godsdienswysbegeerte is die bepaling van die wese en waarheid van die verskynsel, godsdiens, en die verheldering van die samehange waarin die godsdiens in die huidige wêreld staan. Hierdie verheldering kan miskien die weg tot geloof baan.

II. *Wesenlik* van die Godsdiens is dat dit 'n verhouding tussen God en mens is. God is heilige (transcendente) werklikheid wie se syn vóór en bó die skepselsyn is. *Die* eksistensiële verhouding van die mens se kant gesien, is *geloof*. Hoewel die godsdiens die totale syn en kultuur van die mens insluit, is dit egter meer as menslike kennis, plig (wil) en gevoel vir en van die heilige werklikheid.

III. Die *waarheid* van die godsdiens word gesteun deur die weerlegging van die beskouing as sou die godsdiens waan wees, deur die godsbewyse en deur die relatiewe ooreenstemming van godsdienstige en ander kennis.

IV. Die godsdiens het 'n sekere *wêreldbeskouing* en verskillende filosofieë is „godsdienstig" sover as wat hulle bokant hulleself uitwys. Die godsdiens staan i.v.m. die wêreld, die natuur, die kultuur, die geskiedenis en die mens. Vir sover as hierdie groothede bokant hulleself uitwys (bv. deur hulle nonnatiwiteit, planmatigheid, vraag na 'n hoër sin, ens.) steun hulle die godsdiens. Deurdat die godsdienswysbegeerte op wesenlike dinge, bv. in die antropologie, wys wat dit uit die Skrif kry, val dit die wetenskap en wysbegeerte aan.

Nou kan ons teen hierdie beskouing van DE VOS uit protestants-teologiese en prakties-pastorale oogpunt verskillende besware inbring: So kan ons bv. vra of die wysbegeerte werklik *godsdiens*wysbegeerte sal word deur sy objek nl. deur die verwerking van die gegewens van 'n bepaalde (=die) godsdiens? Moet die godsdienswysbegeerte nie vandag iets wesenlik-anders word en wees, met 'n ander taak en betekenis nie? Ons kan verder vra of die christelike standpunt en beskouings wat hier gegee word, bv. oor die syn van God (p. 30) en oor Sy goedheid (p. 76) (in hulle uitwerking alhier) werklik suiwer reformatories is, en of dit nie soms 'n algemene en selfs thomistiese kleur het nie? Verder kan 'n mens bv. twyfel of die feit van transcendensie in sekere wetenskappe en groothede werklik die geloof sal steun? So kan ons bv. óók vra of die ooreenstemming van die godsdienstige en algemene kennisteorie (nl. dat in albei die subjek-objek-relasie is en albei op evidensie rus — p. 62-63), die geloof sal steun? Dit skyn vir ons baie onwaarskynlik.

Maar nieteenstaande allerlei besware, het ons tog die vrymoedigheid om hierdie werk by alle belangstellende teoloë en ook by die studente aan te beveel. Ons het hier naamlik op 'n helder wyse en in 'n kort bestek feitlik die hele tradisionele problematiek en samehange waarin die godsdiensfilosofie ingevleg is, en al moet ons in die huidige situasie en tydstip miskien hiermee breek en ander weë soek, moet ons tog weet hoe die ou problematiek was, en hoe die teologie histories saamhang. Verder het ons in hierdie werk van DE VOS 'n eerlike worsteling met hierdie problematiek terwyl dit gedurig met die huidige teologiese situasie in elke opsig wel deeglik rekening hou.

B. J. ENGELBRECHT.